*REDAKSIONEEL*

Die bydraes in hierdie uitgawe is gelewer tydens 'n openbare simposium wat deur die departe= ment Bybelkunde van die Univer= siteit van Stellenbosch op 2 en 3 Mei vanjaar aangebied is , onder die tema: *Geloofsverant= woording in 'n veranderde same= lewing*. Die belangstelling in hierdie tema was ongekend en die deelname van die gehoor aan die bespreking van so 'n aard dat besluit is om die lesings op hierdie wyse aan 'n wyer publiek beskikbaar te stel. Die voordragte en die reaksies van die verskillende respondente word gevolglik in 'n feitlik ongewysigde vorm hier gepubli= seer.

Die simposium het die behoefte beklemtoon wat daar by die mee= lewende lidmaat bestaan aan ter sake inligting en kreatiewe gespreksgeleenthede oor hierdie aktuele sake wat die getuienis en die toekoms van die kerk in hierdie land ten nouste raak. Daar behoort veel meer van dergelike geleenthede geskep te word. Waar die kerk hom tans in 'n krisistyd bevind, kan 'n openhartige gesprek vanuit Bybelse perpsektief veel daartoe bydra om verwarring uit die weg te ruim, vertroue tussen gelo= wiges te skep en riglyne vir die toekoms uit te spel.

*FROM THE EDITOR*

The contributions to this issue formed part of a symposium organized by the department of Biblical Studies of the Univer= sity of Stellenbosch on May 2 and 3 of this year under the general theme: *A changed society from the perspective of Chris= tian faith*. The interest gene= rated by the theme and the par= ticipation of the audience in the discussion was such that it was decided to make the papers and the reactions of the various respondents available to a wider public. They are published here (with minor alterations) in the same format as presented at the symposium.

The symposium underlined the need of concerned church members for relevant information and for opportunities of creative dia= logue on these issues which are so important for the future of the church in this country. Where the church is moving through a time of crisis, frank discussion from a Biblical per= spective can do much to clear away misunderstanding, to create an atmosphere of trust amongst believers and to formulate guidelines for the future.